NPO 275-527 108 Jan van Riebeeck Rd, OUDTSHOORN, 6625 082-0988439 chair@edenbiathlon.co.za
www.edenbiathlon.co.za

# EDEN TWEEKAMP•BIATHLON

## VOORSITTERSVERSLAG
2022/2023

## EDEN TWEEKAMP: VOORSITTERSVERSLAG

Dit is vir my aangenaam om my voorsittersverslag te kan voorlê, ons derde virtuele AJV vergadering. 2022/2023 seisoen.

Dit was Eden Tweekamp se tweede seisoen met die aangepaste afstande en ouderdomsgroepe vir vele atlete, ouers en selfs beamptes was dit `n steeds `n groot aanpassing, daar was `n paar struikel blokke in die seisoen maar die bestuur en die res van die Eden Tweekamp familie het soos voorheen saam gestaan mekaar ondersteun en het `n goeie seisoen gehad.

Vir my as voorsitter wat net voor die nuwe seisoen van loopbaanrigting verander het het ook paar struikelblokke gehad, om my nuwe normaal en alle verpligtinge na te kom ek wil vir Leana & Oom Dave baie dankie se vir hulle hulp en instaan by byeenkomste indien ek nie daar kon wees nie.

Sport in Suid-Afrika in die algemeen, stel groot uitdagings tans, veral die finansiële en logistieke uitdagings. Ernstige aandag sal aan transformasie gegee moet word, nuwe inovasies om byeenkomste glad kan laat verloop, sal gevind moet word. Spesiale aandag gaan ook aan atlete met gestremdhede asook vrouesport gegee word. Daarby raak die beskikbaarheid van vrywillige administrateurs alhoe kleiner! Ons as Eden Tweekamp het `n klein handjie vol mense wat altyd bereid is om te help en dus sal ons werk moet maak daarvan om meer ouers en skole verteenwoordigers betrokke te maak tydens die liga-byeenkomste om as beamptes op te tree.

### ONTWIKKELING

- **KNYSNA ONTWIKKELINGS KLINIEK**
  Eden Tweekamp in samewerking met DCAS en met die ondersteuning van Knysna Primêr, het op 8 Des 2022 diè kliniek aangebied. Johan Windt (hardloop) en Lou-Let Fourie (swem) was die afrigters terwyl Jana Botha die plaaslike reëlings hanteer het. Mianè v d Westhuizen (dogters) en Ruan Share (seuns) het weggestap met die pryse vir belowende potensiaal!

- **BRIDGTON-KLINIEK**
  Eden Tweekamp, in samewerking met DCAS en Oudtshoorn munisipaliteit, het op Wo 22 Maart 2023 'n ontwikkelings-kliniek aangebied op Oudtshoorn. Die venue was die HS Oudtshoorn sportgronde en NA Smit swembad. Johan Windt (hardloop) en Susan Juta (swem) was die afrigters. 30 leerders van DeVilliers Primêr was die deelnemers. Raylan Morris (swem) en Waldo Sederstrom (hardloop) het die pryse vir belowendheid verwerf. Dave van der Walt was die organiseerder.







**"DOUBLES"-BYEENKOMS [31 January 20233]**

**WIPMY EDEN DOUBELS-BIATHLON**

WIMPY DOUBLES het op 31 Jan `n REKORD GETAL SPANNE gehad wat deelgeneem het.
57 spanne het deelgeneem van 7 jariges tot oupas, ooms, tannies

**Die volgend 3 spanne was aangewys as wenners:**

1. Estie-Loock Bezuidenhout & Petro-Marie Fourie (Professionals)
2. Pieter Schoeman & Johan Windt (Stoutwetters)
3. Markus Viljoen & Ninke Griffioen.





**KAPASITEITES WERKSWINKELS**

Eden Tweekamp streef daarna om terug te gee en vreiwilligers op te lei en kennis van die sport kode oor te dra. Meer ad 45 vroue & "special needs persone" het hierdie werkswinkel bygewoon en wat `n suksesvolle byeenkoms was dit nie met spreukers soos Advokaat Michelle Weyers en Hans van der Veen.



**Die 31e DCAS/ GROTER OUDTSHOORN/ HIGHGATE INTERPROVINSIAAL**

Tenspyte van ESKOM se uitdagings is hierdie byeenkoms baie suksesvol aangebied. Meer as 550 atlete van 7 provinsies het in Klein Karoo hitte deelgeneem en puik presteer. Die Weskaapse se Minister van Kultuursake & Sport, Anroux Marais asook die Burgemeester van Oudtshoorn, Chris McPherson, het hulle tevredenheid met diè byeenkoms uitgespreek. WP het BOL onttroon as spanwenner met OP derde en EDEN vierde. In die skole kompetisie lyk dit so:



**Laerskole**

1. Paarl Gim

2. George Suid
3. Durbanville

**Hoërskole**

1. Outeniqua
2. Durbanville
3. Framesby



**Eden spog met 11 medaljes!**

GOUD

- S/11 Wanru Haasbroek (SA Rekord)
- D/15 Arabelle Grutter
- S/15 Carlo Bezuidenhout
- SD Jo-mari Smith
- SM Reinhard Haupt

SILWER

- S/8 Lian Hattingh
- S/13 Llewelyn Viljoen
- M40D Liesl Barnard
- M60D Anita Louw

BRONS

- SM AC Kleynhans
- M70M Johan Windt

Eden Tweekamp wil graag ook WP en BOL Tweekamp bedank vir hulle hulp. Dankie ook aan die hoofborge DCAS, Groter Oudtshoor munisipaliteit, Wimpy, Oudtshoorn Ford, Black L Security en Highgate! ‘n Spesiale dank aan Dave vd Walt wat al vir 31 jaar hierdie byeenkoms georganiseer het en dit elke jaar net meer gegroei het, hy het by hierdie aangeleentheid aangekondig dat dit sy laaste byeenkoms sal wees as organiseerder.



**LIGA BYEENKOMSTE & HIGHGATE EDEN KAMPIOENSKAPPE**

Eden Tweekamp streef na groei en 2022/2023 het dit bewys met ons ligabyeenkomste wat week na week reKord getal atlete by die byeenkomste op gelewer het.



## SA TWEEKAMP KAMPIOENSKAP- STELLENBOSCH 2023



Oor die naweek van 31 Mrt - 1 Apr het die 46e RB & Son SA Tweekamp Kampioenskappe op Stellenboch by die Coetzenburg atletiekbaan en swembad plaasgevind. 'n Rekord getal van 960 atlete het ingeskryf (Eden span is 87)
Die Eden Tweekamp span keer terug met 6 medaljes - 2 span- en 4 individuele medaljes! Eden as span het algeheel 6 geëindig met WP, BOL en Griekwas in die eerste 3 plekke.
George-Suid LS is die beste tweekamp laerskool in die land met hulle goue medalje in die Laerskole kompetisie en HS Outeniqua verower die silwer medalje in die Hoërskole kompetisie! Dit dui net op 'n blink toekoms vir Eden Tweekamp. Geluk ook aan Wanru Haasbroek (goud, S/11) wat ook vir die derde keer gedurende die seisoen sy SA record verbeter het, Arabelle Grütter (goud, D/13), Carlo Bezuidenhout (silwer, S/15) en Johan Windt (silwer, M70+). Ons is trots op julle!
Dankie ook aan die spanbestuur (Stephnie McKay, Leana Robinson en Jana Botha) vir julle opoffering en passie! Dankie ook aan SA Tweekamp en WP Tweekamp vir die aanbied van die grootste SA's in die geskiedenis onder moeilike omstandighede.




## DCAS FUNDINGTO SUPPORT EDEN BIATHLON DEVELOPMENT IN 2023/2024



The WC Minister of Cultural Affairs & Sport, Anroux Marais and her DCAS team, visited the Eden District on 24 Apr 2023 for the annual check handover ceremony at Oubaai Hotel & Spa to all designated Eden Sport Federations. Stephny McKay (chairperson) received the grants from the MEC. R75 000 in total was granted

• R15 000 for major event (Highgate),

NPO 275-527 108 Jan van Riebeeck Rd, OUDTSHOORN, 6625 082-0988439 chair@edenbiathlon.co.za
www.edenbiathlon.co.za

• R60 000 for admin, capacity building, developmend. Although less than last year, Eden Biathlon still appreciates the support and grant. The good relationship between DCAS and Eden Biathlon had over many years been excellent! The WC is to our knowledge the only province providing this service! Many thank on behave of our athletes, officials & administrators! The 30 years of unqualified audited financial statements underline the status of financial control all these years by Eden Biathlon

**OPERASIONELE BESTUURDER**

Mnr. Dave v.d Walt was aangestel as Eden Tweekamp se Operasionele Bestuurder in 2017 en lewer `n besonderse diens aan Eden Tweekamp soos ons almal hom ken hy gaan beslis die ekstra myl en is altyd bereidwillig om te help waar hy kan en raad gee. `n Paar van sy pligte hierdie jaar was as volg.

- Reëling van byeenkomste;
- Reëling van Ontwikkelingsprojekte en kapasiteits-werkswinkels;
- Verkryging van borge teen kommissie [wat hy nie wou neem nie!];
- Aansoeke by regeringsliggame vir befondsing;
- Beheer oor die bates soos apparaat, waentjie, ens;
- Bywoon van vergaderings waar benodig

Hy gaan beslis die ekstra myl as dit by Tweekamp kom. Eden Tweekamp is besonders gelukkig om `n persoon soos hy deel te he van die span.

Soos voorheen genoem in die verslag het Mnr. Dave v.d Walt aangekondig dat hy uitree as operasionele bestuurder na meer as 31 jaar as Voorsitter en operasionele bestuurder, Ek as voorsitter kan nie in woorde beskryf wat Oom Dave vir hierdie sport beteken het oor die jare nie en die rol as vriend, mentor `n pa vir soveel atlete en administrateurs beteken het nie. Hy bly steeds `n ere lid van Eden Tweekamp. Dankie vir al Oom Dave se ure en tyd wat jy in hierdie sport ingesit het ons waardeur oom opreg.

**UITDAGINGS**

- Nuwe program en struktuur
- Te min Beamptes
- Inskrywings stelsel

**BEDANKINGS**

Graag wil ek van hierdie geleentheid gerbuik maak om net die volgende persone en instansies te bedank:

- Alle ouers, onderwysers, afrigters, borge en belangstellendes wat dit vir EDEN moontlik maak om te vorder;
- Aan die Eden Bestuur vir die flinke wyse waarop hulle tweekamp in die Eden bedryf en die tyd wat hulle opoffer asook die ondersteuning wat hulle my as voorsitter gebied het;
- Aan al Eden se borge, donateurs en vriende;
- Die Departement van Kultuursake en Sport van die Weskaap, en in die besonder die plaaslike EDEN-kantoor [Jean Neethling & Dirk van der Westhuizen] vir hulle onbaatsugtige ondersteuning en fisiese bystand;
- Aan ons plaaslike media vir hulle volgehoue ondersteuning;
- Aan alle skole en klubs wat hulle beywer vir die ontwikkeling van ons sportsoort;

**NPO 275-527** **108 Jan van Riebeeck Rd, OUDTSTHOORN, 6625 082-0988439** **chair@edenbiathlon.co.za**
**www.edenbiathlon.co.za**

- Aan al ons atlete wat so getrou die ligabyeenkomste bywoon;
- Aan die munisipaliteit van Oudtshoorn en ander instansies vir die beskikbaarstelling van hulle fasiliteite en geriewe;
- Aan Dave en Leana wat altyd net `n oproep weg is en op wie se knoppie ek kan druk teen alle tye
- Aan ons dierbare Vader wat ons die krag en genade gee om hierdie taak te verrig.

Ek dank u.

Stephnie McKay
Voorsitter